

17 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14 (NAV)

Fokusgedeelte: Openbaring 5:5-7

Genade, ALLES genade!

Die troonvisioen van Openbaring duur voort. Johannes sien 'n boekrol in die regterhand van Hom wat op die troon sit. Die boekrol bevat die raadsbesluit van God en was aan albei kante vol geskryf, met ander woorde die raadsbesluite van God wat in die geskiedenis ontvou, is ryk en omvattend. Dit is deur sewe seëls verseël. Om God se raadsbesluit in vervulling te laat gaan, moet die seëls gebreek word deur 'n bevoegde persoon wat daartoe gemagtig is. Wie is hiervoor waardig? Die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid. Hy het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.

Alhoewel in vers 5 na Christus as 'n Leeu verwys word, sien Johannes in vers 6 'n Lam! Hoe nou verstaan? In Genesis 49:8-10 word Juda 'n leeu genoem, een wat deur sy broers geëer sal word, maar die geskiedenis van Juda is allermens koninklik, in ag genome die sonde en owerspel met sy skoondogter Tamar en die geboorte van twee buite-egtelike kinders, een genaamd Peres, die stamvader van Dawid, en Tamar self, die stammoeder van Jesus (Matt 1). Die res van Juda se nageslag skitter ook nie van koninklike adel nie: Ragab, Rut, Bátseba. In hierdie geslagslyn word Jesus gebore om Verlosser te wees – van diepgevalle sondaars. Daarom moes die Leeu eers 'n Lam word.

Christus het in sy lyde en sterwe die eienskappe van 'n leeu én 'n lam getoon. Juis deur sy slagting aan die kruis (as Lam) kon Hy koninklik heers (as Leeu). Die kerk kan daarom alleen koninklik stry teen en heers oor die sonde as sy leef in die bloed van die geslagde Lam. Die kerk kan alleen standhou terwyl die seëls van God se ontvouende raadsplan oopgebreek word, as sy haar krag vind in die gekruisigde Lam. Nie deur eie krag word dit alles my deel nie, maar alleen deur genade! Genade, ALLES genade, veral ook op die dag as die Leeu uit die geslag van Dawid kom om te oordeel, en ons ons redding en krag vind alleen in die bloed van die geslagde Lam.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2, 4, 5

Dr SP van der Walt (Benoni)